basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

## (TEORIE)

## FEBRUARIE/MAART 2011

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 14 bladsye.**

## AFDELING A

### VRAAG 1: PASITEMS

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | H ✓ | (1) |
| 1.2 | G ✓ | (1) |
| 1.3 | M ✓ | (1) |
| 1.4 | F ✓ | (1) |
| 1.5 | C ✓ | (1) |
| 1.6 | N ✓ | (1) |
| 1.7 | B ✓ | (1) |
| 1.8 | P ✓ | (1) |
| 1.9 | R ✓ | (1) |
| 1.10 | E ✓ | (1) |
| | | **Totaal: 10** |

### VRAAG 2: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | D ✓ | (1) |
| 2.2 | D ✓ | (1) |
| 2.3 | D ✓ | (1) |
| 2.4 | B ✓ | (1) |
| 2.5 | C ✓ | (1) |
| 2.6 | A ✓ | (1) |
| 2.7 | B ✓ | (1) |
| 2.8 | C ✓ | (1) |
| 2.9 | D ✓ | (1) |
| 2.10 | C ✓ | (1) |
| | | **Totaal : 10** |

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B

## VRAAG 3

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | • SVE/verwerker ✓<br>• ETG/LSG('RAM')/geheue ✓<br>• Hardeskyf ✓ | | | 3 |
| 3.2 | • Mobiliteit/draagbaarheid/makliker om te gebruik vir aanbiedings<br>• Kan vir 'n tyd met batterye loop as die krag af is<br>• Gebruik minder spasie as 'n skootrekenaar ('desktop PC'), ens.<br>(Enige 2) ✓✓ | | | 2 |
| 3.3 | • Tipe battery<br>• Verwagte batterylewe<br>• Gewig<br>• Of 'n dratas ingesluit word, ens.<br><br>*(Moenie antwoorde aanvaar wat van toepassing op 'n tafelrekenaar is nie, en ook nie kostes bv. versekering, ens. nie)*<br>(Enige 2) ✓✓ | | | 2 |
| 3.4 | 3.4.1 | • Grootte van skerm<br>• Resolusie/kwaliteit van grafiek<br>• Verfrissingstempo<br>• Hoek waarteen na die skerm gekyk word<br>• Kontrasverhoudings, ens.<br><br>*(Moenie antwoorde aanvaar wat na 'n keuse tussen CRT en platskermmonitors verwys nie.)*<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | |
| | 3.4.2 | • Gebruik minder krag<br>• Weeg minder<br>• Neem minder spasie, ens.<br><br>*(Aanvaar beter resolusie/kwaliteit van beeld/grafiek.)*<br>*(Moenie beter aansighoeke ('viewing angles') aanvaar nie.)*<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | 4 |
| 3.5 | 3.5.1 | Ergonomie verwys na die studie/ontwerp van toerusting ✓ sodat dit gemaklik/maklik/veilig vir die gebruiker is om te gebruik.✓ | 2 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 3.5.2 | • Sagte-aanrakingstoetse<br>• Sleutelbord/toetse teen 'n gemakliker hoek<br>• Gewrig-/palmrus<br>• Toegewyde toetse vir algemeen/dikwels gebruikte funksies<br>• Geboë sleutelbord, ens.<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | |
| | 3.5.3 | Draadloos/'Bluetooth'/Infrarooi ✓ | 1 | |
| | 3.5.4 | • Groter kans om gesteel te word<br>• Benodig batterye om te werk<br>• Steuring/verlies van sein, ens.<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | 7 |
| 3.6 | 3.6.1 | Laserdrukker OF laser ✓<br><br>*(Aanvaar ook enige antwoord wat na 'n genetwerkte fotokopiëring-tipe van drukker verwys.)* | 1 | |
| | 3.6.2 | Inkspuitdrukker OF inkspuit✓<br><br>*(Aanvaar ook enige antwoord wat na 'n 'photo-smart' tipe van drukker of kleurkopieerder verwys.)* | 1 | |
| | 3.6.3 | • Spoed<br>• Kwaliteit/resolusie van die drukker<br>• Papiergroottes/media wat kan gebruik word<br>• Of die drukker aan 'n netwerk gekoppel kan word<br>• Versoenbaarheid met bedryfstelsels<br>• Waarborge, ens.<br><br>*(Moenie antwoorde aanvaar wat na aankoopsprys verwys nie.)*<br>(Enige 3) ✓✓✓ | 3 | 5 |
| 3.7 | 3.7.1 | Biometriese (toestelle) ✓ | 1 | |
| | 3.7.2 | Sodat slegs die gemagtigde/erkende gebruiker toegang tot die data op die flashdisk het. ✓ | 1 | |
| | 3.7.3 | • Stemherkenning<br>• Gesigsherkenning<br>• Iris-/oogherkenning<br>(Enige 1) ✓ | 1 | 3 |
| | | **Totaal** | | **26** |

**VRAAG 4**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.1 | 4.1.1 | • Verskaf 'n koppelvlak aan die gebruiker om met die rekenaar/apparatuur te werk<br>• Verantwoordelik vir die toekenning van apparatuurhulpbronne<br>• Ko-ordineer alle aktiwiteite van die stelsel<br>• Voorsien basiese sekuriteitsfunksies<br>• Voorsien toegang tot 'n stoormedium<br>• Beheer van laaiproses<br>• Beheer die programme wat in die geheue loop, ens.<br><br>(*Aanvaar relevante voorbeelde wat enige van die gelyste punte verduidelik.)*<br>(Enige 3) ✓✓✓ | 3 | |
| | 4.1.2 | • Benodig/vereis nie die addisionele eienskappe wat in Windows 7 voorkom nie<br>• Verskillende koppelvlakke om mee te worstel/mag verdere opleiding benodig/vaardighede moet opgedateer word<br>• Rekenaar mag stadiger loop as met die oorspronklike bedryfstelsel<br>• Probleme met verkryging van versoenbare drywers vir apparatuur<br>• Nie genoeg ETG/LSG ('RAM') beskikbaar nie<br>• Nie genoeg hardeskyfspasie beskikbaar nie<br>• Verwerker nie goed genoeg vir nuwe pakkette nie, ens.<br><br>*(Moenie enige antwoord aanvaar wat na programmatuur verwys nie.)*<br>(Enige 3) ✓✓✓ | 3 | |
| | 4.1.3 | Oopbron programmatuur laat toegang (tot die bronkode) toe om veranderinge aan die program self te maak. ✓<br><br>(*Moenie antwoorde aanvaar wat na lisensies of koste verwys nie.)* | 1 | |
| | 4.1.4 | Linux ✓ | 1 | 8 |
| 4.2 | 4.2.1 | • Gebruiker hoef nie te kontroleer dat hulle al die nuutste opdaterings het nie.<br>• Onervare gebruikers hoef nie besluite te neem oor watter opdaterings geïnstalleer moet word nie.<br>• Vereis geen tyd/moeite van die gebruiker nie, ens.<br>(Enige 1) ✓ | 1 | |
| | 4.2.2 | Skakel die opsie om opdaterings outomaties af te laai en te installeer af. ✓ | 1 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 4.2.3 | • Maak sekuriteitsskuiwergate toe (bv. teen virusse)<br>• Voorsien opgedateerde drywers<br>• Maak programfoute reg in the (kode van die) bedryfstelsel<br>• Voorsien nuwe eienskappe in die bedryfstelsel<br>• Opdaterings laat die stelsel glad verloop, ens.<br><br>*(Moenie vae antwoorde soos 'hou die stelsel op datum' aanvaar nie.)*<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | |
| | 4.2.4 | • Aanlynopdatering mag baie 'cap'/bandwidth/aflaaityd gebruik<br>• Terwyl dit aan die gang is sal/kan dit die rekenaar stadiger maak<br>• Verlang nie die eienskappe wat saam met die opdateringsprogramme kom nie<br>• Gebruikers mag kies watter opdateringsprogramme hulle wil installeer<br>• 'n Stabiele stelsel kan soms onstabiel raak, ens.<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | 6 |
| 4.3 | 4.3.1 | 'n Virus is programmatuur/kode ✓ wat geskryf word om 'n negatiewe impak op 'n rekenaar te hê/sekuriteitsswakhede uit ✓ te buit en is ontwerp om self te versprei.✓<br><br>*(Moenie antwoorde soos dit is 'n programfout ('bug') aanvaar nie.)* | 3 | |
| | 4.3.2 | • Installeer antivirusprogrammatuur<br>• Hou die antivirusprogrammatuur op datum<br>• Maak die selfloop ('auto run') eienskappe van die flitsskywe onbruikbaar<br>• Maak seker dat die bedryfstelsel gereeld/outomaties opgedateer word<br>• Skandeer alle draagbare stoormedia voordat dit gebruik word<br>• Vermy aflaai/gebruik van roofprogrammatuur<br>• Skandeer aanhangsels wanneer/voor hulle oopgemaak word<br>• Moenie aanhangsels van onbekende/verdagte hulpbronne oopmaak nie<br>• Moenie op opwipvensters ('pop-ups') reageer/kliek nie, ens.<br>(Enige 3) ✓✓✓ | 3 | |
| | 4.3.3 | Nee ✓ virusse kan hulself installeer op stelsels via enige draagbare stoormedia (flitsdrywer, ens).✓ | 2 | 8 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.4 | • Gebruik 'n verwyderingsprogram ('uninstaller') (wat saam met die program kom)<br>• Gebruik die bedryfstelsel om die program af te haal (bv. 'Add/Remove programs' in 'Control Panel' in 'Windows')<br>(Enige 1) ✓ | | 1 |
| 4.5 | • Stoor in 'n vorige/laer weergawe<br>• Maak op 'n rekenaar waarop die korrekte programmatuur geïnstalleer is oop (bv. Office 2007/10)<br>• Laai 'n bywerkprogram ('patch') af en installeer dit op die rekenaar<br>• Probeer in 'n ander program oop te maak bv. 'Open Office', ens.<br>(Enige 2) ✓ ✓ | | 2 |
| 4.6 | Professionele uitgawes het meer eienskappe as tuisuitgawes. ✓ | | 1 |
| | **Totaal** | | **26** |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5.1 | 5.1.1 | • 'n LAN strek oor 'n beperkte (geografiese) afstand waar 'n WAN (Wye Area Netwerk) oor 'n groot afstand uitstrek. ✓<br>• Enige voorbeeld van 'n WAN (bv. Internet, landswye banknetwerk, ens.)✓ | 2 | |
| | 5.1.2 | Netwerkkaart/Netwerkkoppelkaart (interface) ('NIC') ✓ | 1 | |
| | 5.1.3 | • Gebruikersname/wagwoorde<br>• Stel toegangs-/groepregte vir gebruikers in<br>• Plaas gebruikersgroepe op verskillende segmente van die netwerk, ens.<br><br>*(Moenie antwoorde aanvaar wat na fisiese toegang tot rekenaars verwys nie.)*<br>(Enige 1) ✓ | 1 | |
| | 5.1.4 | • Meer stoorplekke beskikbaar op die netwerk/addisionele (netwerk) aandrywers beskikbaar (*aanvaar spesifieke aandrywerletters bv. X, OF nie-lokale aandrywers bv. U-, T-, Z-aandrywers bv. , ens.*)<br>• Toegang tot apparatuur wat nie aan die rekenaar gekoppel is nie (bv. gedeelde drukker, ens.)<br>• Kan met ander gebruikers op die netwerk kommunikeer, ens.<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | 6 |
| 5.2 | 5.2.1 | • Spoed van konneksie<br>• 'Cap-' limiet<br>• Indien die diens in jou area beskibaar is<br>• Reputasie van ISP, ens.<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | |
| | 5.2.2 | • Inbelkonneksiekoste word vir konneksietyd bereken (telefoonkostes) ✓<br>• Breëbandkonneksiekoste word gebaseer op die volume data oorgedra oor 'n tydperk ✓ | 2 | 4 |
| 5.3 | 5.3.1 | Gebruik om videos te huisves/aanskou/vertoon ✓ | 1 | |
| | 5.3.2 | • Gebruik 'n program wat spesifieke tipe webtuistes sal blokkeer<br>(*Aanvaar handelsname soos iCop, Net Nanny of NetOp, ens.*)<br>• Gebruik 'proxy'-bediener/brandmuur om webtuistes te blok<br>*(Aanvaar slegs 'proxy' of slegs bediener')*<br>(Enige 1) ✓ | 1 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 5.3.3 | Hoë bandwyte benodig/verminder 'cap' vinnig ✓<br><br>*(Moenie antwoorde wat na koste verwys aanvaar nie.)* | 1 | |
| | 5.3.4 | • Leerders mors tyd<br>• Leerders word potensieël blootgestel aan onwenslike materiaal<br>• Leerders kan potensieël onwenslike materiaal pos<br>• Kan gesien word as bandwydteverkwisting<br>• Potensiële blootstelling van leerders aan aanlyn boewe/pedofile<br>• Ouers mag nie daarvan hou nie, ens.<br><br>*(Moenie enige antwoorde wat na 'cap'/bandwydte verwys aanvaar as dit in die vorige antwoord voorkom nie.)*<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | |
| | 5.3.5 | • Laai videomateriaal elders af ✓<br>• Pos video in 'n gedeelde aandrywer/in leerder se aandrywer/demonstreer met 'n projekter, ens. ✓ | 2 | 7 |
| 5.4 | 5.4.1 | • Vorige/ou kopie van die webblad is gestoor/in die plaaslike kas ('cache') op die rekenaar gestoor ✓<br>• Moet verfris word/laai webblad af ✓<br><br>*(Aanvaar druk F5 vir vervris van webblad.)* | 2 | |
| | 5.4.2 | • RSS laat opgedateerde/nuwe data van 'n verskeidenheid van webtuistes/bronne automaties afgelaai na die gebruiker gestuur word ✓<br>• Spaar tyd en moeite want nuwe inhoud is outomaties afgelaai ✓<br><br>*(Moenie 'Really Simple Syndication' op sy eie as 'n antwoord aanvaar nie.)* | 2 | 4 |
| 5.5 | 5.5.1 | URL verwys na die adres van 'n webtuiste/bladsy/hulpbron ✓<br><br>*(Moenie 'Uniform Resource Locator' as 'n antwoord op sy eie aanvaar nie.)* | 1 | |
| | 5.5.2 | • Kyk deur die deurblaaiergeskiedenis ('browse').<br>• Bookmerke<br>• 'Favourites'<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | |
| | 5.5.3 | 'n Soekenjin is 'n program/webwerf wat deur 'n databasis van geregistreerde tuistes/webbladsye ✓ soek vir passende teks/woorde wat deur die gebruiker ingesleutel is. ✓ | 2 | 5 |
| | | **Totaal** | | **26** |

**VRAAG 6**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6.1 | 6.1.1 | https verwys daarna dat dit 'n beveiligde ('secure') webtuiste is/maak gebruik van enkripsie om aanlyntransaksies te beskerm ✓<br><br>*(Moenie die uitbreiding van die akroniem as 'n antwoord aanvaar nie)* | 1 | |
| | 6.1.2 | • Banke maak nie kontak met hul kliente via e-pos om te vra dat hulle op hul webtuiste aanteken of om hul besonderhede te opdateer nie<br>• Spelfoute in die e-pos<br>• Kom voor as 'n tipiese 'phishing'-skema, ens.<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | |
| | 6.1.3 | • Kontak die bank<br>• Kontroleer die eintlike webadres deur te kyk na die eienskappe ('properties') van die hiperskakel<br>• Gaan aanlyn en sien of soortgelyke skemas die rondtes doen, ens.<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | |
| | 6.1.4 | 'Phishing' ✓ | 1 | |
| | 6.1.5 | • Moenie op die hiperskakel klik om toegang tot bankwebtuistes te kry nie<br>• Tik self die naam van die bank se 'URL' in die deurblaaier ('web browser') in<br>• Maak seker dat sekuriteitsprogrammatuur op jou rekenaar geïnstalleer is<br>• Maak seker dat die sekuriteitsprogrammatuur/-stelsel op jou rekenaar gereeld opdateer word<br>• Gebruik goeie wagwoordpraktyk<br>• Wees versigtig waar en hoe jy jou persoonlike inligting uitgee<br>• Lees na oor die nuutste neigings in 'phishing', ens.<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | 8 |
| 6.2 | 6.2.1 | • Kan te enige tyd gedoen word (24/7/365)<br>• Hoef nie fisies na die winkel toe te gaan nie<br>• Kan maklik pryse vergelyk<br>• Moontlike laer pryse<br>• Kan oorsigte/aanbevelings van ander lesers lees/sien<br>• Aankope word afgelewer, ens.<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 6.2.2 | • Laer drakostes ('overhead costs') (personeel, geboue, ens.)<br>• Kan boeke potensieel teen laer kostes verskaf teenoor gewone winkels<br>• Hoef nie 'n groot voorraad aan te hou nie<br>• Wyer markte (Internetteenwoordigheid)<br>• Maklik bemarkbaar<br>• Kan neigings makliker raaksien<br>• Kan koper se voorkeure pas met dié van ander kopers<br>• Hele stelsel kan gerekenariseer word/outomaties<br>• Minder slegte skuld (slegs kredietkaarte word aanvaar)<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | |
| | 6.2.3 | • Kennisgewing van transaksies word deur SMS gestuur<br>• Sekuriteitseienskappe soos wagwoorde/PIN nommers<br>• Sleutelbord op die skerm ('On-screen key pad') om PIN nommers in te tik (omseil 'keyboard loggers')<br>• 'Eenmalige' wagwoorde word per sessie gebruik en na klant se selfoon gestuur<br>• Gebruik van sekuriteitsprotokolle ('https'/'SSL')<br>• Outomatiese afteken van klant na 'n spesifieke tyd in 'n sessie, ens.<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | 6 |
| 6.3 | 6.3.1 | Gemorspos ('spam') is ongevraagde e-pos wat produkte adverteer, ens. ✓<br><br>*(Aanvaar ook elektroniese gemorspos as 'n antwoord.)* | 1 | |
| | 6.3.2 | • Waak teen die uitgee van e-posadresse waar moontlik<br>• Maak gebruik van verskillende e-posadresse<br>• Installeer gemorsposverhinderingsprogrammatuur ('anti-spam programs')<br>• Gebruik die gemorsposfilters ('spam filters') van jou e-pos program<br>• Maak gebruik van 'n Internetdiensverskaffer/'ISP' wat filters vir gemorspos gebruik, ens.<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | 3 |
| 6.4 | 6.4.1 | • Jy hoef nie die program waarin die dokument opgestel is te hê om die dokument te lees nie<br>• Die program ('Adobe Reader') wat benodig is om die dokumente te lees is gratis beskikbaar<br>• Gebruikers kan nie (maklik) veranderinge aan die dokument maak nie<br>• 'Adobe Reader' is vryelik beskikbaar, ens.<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 6.4.2 | • Elke dokument (werkstuk) wat gedruk moet word is in 'n tou ✓ (per drukker) op die skyf geplaas<br>• Dit sal wys of drukwerk nog steeds in die tou wag, of dit sal 'n foutboodskap vertoon. ✓ | 2 | |
| | 6.4.3 | • Kontroleer dat daar papier in die drukker is<br>• Kontroleer dat die drukker aanlyn is<br>• Kontroleer of daar papieropeenhopings ('paper jams') is<br>• Kontroleer of die papier in die regte papierlaai ('feeder tray') is<br>• Kontroleer dat daar 'toner'/ink in die inkhouers is, ens.<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | 6 |
| 6.5 | | • Kruisverwys die inligting met ander bronne<br>• Kontroleer of die publikasiedatum onlangs is<br>• Kontroleer of die inligting van 'n geloofwaardige bron kom<br>• Kyk krities na die spelling en gramatika vir geloofwaardigheid<br>• Kontroleer om te sien of die dokument nie bevooroordeeld ('biased') of op mening gebaseer is nie<br>• Kontroleer die geloofwaardigheid van die skrywer(s)<br>• Kontroleer die skakels wat na ander bronne verwys, ens.<br>(Enige 3) ✓✓✓ | | 3 |
| | | **Totaal** | | **26** |

**VRAAG 7**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 7.1 | • Die taal is as 'US/American English' ingestel ✓<br>• Verander taalinstelling na 'UK' of 'South African English' ✓ | | | 2 |
| 7.2 | • Program is op die oortikmodus ('overtype mode') ingestel ✓ waar bestaande karakters vervang word deur nuut ingetikte karakters.<br>• Verander na byvoegmodus ('insert mode') ✓<br><br>*(Aanvaar ook verduidelikings oor hoe om uit die oortikmodus 'overtype mode' uit te kom bv. dubbelklik op die 'OVR' op die statusbalk.)* | | | 2 |
| 7.3 | • Boekmerke<br>• Hiperskakels<br>• Gebruik Vind/Vervangopsie ('Find/Replace') as die teks bekend is<br>(Enige 2) ✓✓ | | | 2 |
| 7.4 | Gebruik die 'match case' opsie ✓ sodat slegs die woorde wat met die gespesifiseerde hoofletters ooreenstem, vervang word.<br><br>*(Aanvaar ook die gebruik van die Vind- en Vervangfunksie ('Find and Replace function') om elke woord afsonderlik te vervang.)* | | | 1 |
| 7.5 | • Die onderskrifte ('captions') word altyd konsekwent geplaas<br>• Die formaat van die onderskrifte is altyd konsekwent<br>• Onderskrifte word opgedateer wanneer enige relevante verandering in die dokument aangebring is<br>• Sal wys in enige inhoudsopgawe van prentjies(beelde)/grafieke /tabelle<br>• Onderskrifte word outomaties opeenvolgend genommer<br>(Enige 2) ✓✓ | | | 2 |
| 7.6 | 7.6.1 | SUM ✓ | 1 | |
| | 7.6.2 | COUNTIF ✓ | 1 | |
| | 7.6.3 | COUNT ✓ | 1 | |
| | 7.6.4 | LEFT of MID ✓ | 1 | |
| | 7.6.5 | MODE ✓ | 1 | 5 |
| 7.7 | • Verander bladsyoriëntering van portret na landskap (of andersom)<br>• Kies die 'fit to one page' drukopsie<br>• Verminder die groottes van die kantlyne<br>• Gebruik die outomatiese breedte-opsie ('auto-width')/maak kolomme nouer<br>• Probeer om opskrifte te woordomvou ('word wrap') waar moontlik<br>(Enige 2) ✓✓ | | | 2 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 7.8 | 7.8.1 | 'n Gidsprogram ('wizard') is 'n stap vir stap ✓ gids/program wat jou lei om jou eie dokument/vorm/report, ens. op te stel ✓<br><br>*(Moenie slegs 'program' as 'n antwoord aanvaar nie.)* | 2 | |
| | 7.8.2 | • Kan instruksies byvoeg oor hoe om rekords in te tik (watter formaat om te gebruik, ens.)<br>• Kan 'n vorm skep as 'n spieëlbeeld van die drukstuk om datavaslegging te fasiliteer<br>• Kan die velde waarin die gebruiker kan/moet data intik beperk<br>• Makliker om mee te werk as slegs een rekord op 'n slag vertoon is<br>• Kan aftuimellyste ('drop down lists', ens.) byvoeg om datavaslegging te fasiliteer, ens.<br>(Enige 2) ✓✓ | 2 | |
| | 7.8.3 | 'n Numeriese veld sal voorafgaande nulle weggooi ✓ (waar 'n teksveld die voorafgaande nulle sal behou) | 1 | |
| | 7.8.4 | • Geen rekords sal vertoon word nie ✓<br>• Geen waarde kan tegelykertyd groter as 10 en kleiner as of gelyk aan 1 op wees nie ✓ | 2 | 7 |
| 7.9 | 7.9.1 | Sal die aantal rekords vertoon ✓<br>wat in die report gelys is ✓ | 2 | |
| | 7.9.2 | Sal die aantal rekords per groep ✓ vertoon (van die veld waarop die rekords gegroepeer is) | 1 | 3 |
| | | **Totaal** | | **26** |

**TOTAAL AFDELING B: 130**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou